

16 November - TWYFEL

Skrif- en Fokusgedeelte: Romeine 4:18-22; Hebreërs 21-23

Soos enige vader hom dit nie kan indink dat sy kind aan sy ouerskap twyfel nie, so wil ons hemelse Vader ook nie dat ons aan ons kindskap moet twyfel nie. Daarom is die hele Bybel vol van wonderlike beloftes wat elke gelowige wil verseker dat hy 'n kind van God is.

Dink maar aan die bekende Johannes 3:16, asook die wonderlike versekering van Romeine 8:38-39. So belangrik is hierdie sekerheid vir God dat Hy sy Gees in ons harte daarvan laat getuig, sodat ons van harte en met vreugde God aanroep as "Abba"!

Ten diepste is twyfel oor jou kindskap ongeloof en dus sonde. Ware geloof sluit twyfel uit.

Paulus hou aan ons Abraham voor as voorbeeld van ware geloof. Ten spyte daarvan dat 'n nugter, redelike evaluering van sy situasie die vlam van hoop in sy hart kon blus, ten spyte daarvan dat 'n mens sou verwag dat soos die jare gekom en gegaan het, sy geloofsreserwes uitgeput sou raak, het hy eenvoudig bly glo.

Indien jy jousef en jou omstandighede wat jou dalk soms laat twyfel, teen dié van Abraham sou weeg, moet jy toegee dat sy geloof merkwaardig was. Dit kon egter omdat *"Hy ook ten volle daarvan oortuig (was) dat God mag het om te doen wat Hy beloof het"*.

Jy sien, dit is wat ware geloof is: om God op sy Woord te vat. Vanuit hierdie perspektief besef mens eers hoe sondig dit is om te twyfel. Want om te twyfel, beteken dat jy die moontlikheid begin oorweeg dat God dalk leë beloftes maak! Met huiwering gesê: Dat God dalk jok.

Wanneer daar dan dae van twyfel kom, luister na God se beloftes. Gryp daaraan vas en gee gehoor aan die oproep: *"Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."*

Sing: Skrifberyming 14-1:1-3

Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)